RAADSBELEID

ONDERWERP : HERSONERING NA SAKESONE I GEBRUIKE AANLIGGEND TOT DIE SENTRALE SAKEKERN VAN UPINGTON DORP

VERWYSING : 15.1.6

BESLUIT NR : 20.2/05/2003 DATUM : 26 Mei 2003

BELEIDSOOGMERK : Om riglyne neer te lê vir die oorweging van aansoeke om hersonering na Sakesone I aanliggend aan die sentrale sakekern van Upington.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om die ontwikkeling van sakegebruike binne Upington, te rig en in samewerking met die privaatsektor, op 'n volhoubare wyse te laat plaasvind.

RIGLYNE

Ten einde voorsiening te maak vir die gekoördineerde uitbreiding van Sakesone I gebruike aanliggend tot die sentrale sakekern van Upington, sal die volgende vereistes van toepassing wees:

1. Die uitbreiding van Sakesone I gebruike aanliggend tot die sentrale sakekern sal slegs oorweeg word indien:

1.1 'n Aansoek vir die hele straatblok ontvang word.

1.2 Die voorafgaande blokke (voorheen gehersoneer) moet minstens 80% reeds vir sakedoeleindes aangewend word.

2. Die uitbreiding van sakegebruike aanliggend tot Swartmodderweg word beperk tot die gebied suid van Kentstraat en slegs Sakesone II gebruike sal in die gebied oorweeg word.

3. Die uitbreiding van sakegebruike aanliggend tot Schröderstraat in die rigting van die duikweg beperk sal word tot die gebied suid/wes van Erf 7189 en dat slegs Sakesone II gebruike in die gebied oorweeg sal word.

4. Die uitbreiding van die sakegebruike aanliggend tot Lemoenweg, beperk sal word tot die gebied oos van die Gordonia Ontspanningsoord en dat slegs Sakesone II gebruike in die gebied oorweeg sal word.

5. Alle aansoeke om Sakesone II gebruike aanliggend tot die sentrale sakekern sal individueel, op eie meriete oorweeg word.

PROSEDURE

1. Alle aansoeke om hersonerings na sakegebruike sal volgens die voorskrifte van die Noord-Kaapse Wet op Ontwikkeling en Beplanning, 1998 (Wet 7 van 1998) by die Raad ingedien word vir oorweging.

2. Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer moet toesien dat die nodige vereistes ten opsigte van die betrokke hersoneringsaansoek nagekom is.

ROLLE

Die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.

VERWANTE BELEID

1. Die Raad se goedgekeurde skemaregulasies.

2. Die Noord-Kaapse Wet op Ontwikkeling en Beplanning,1998 (Wet 7 van 1998).

3. Beleid insake die voorsiening van parkering by hersonerings vir sakedoeleindes aanliggend tot die sentrale sakekern.

4. Die Ruimtelike Ontwikkelingstrategie soos vervat in die GOP.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.